

KOMMUNIKAMMA 31 OKTOBER 2021



Kontakpersone, indien jy meer inligting nodig het oor een van die sake wat hier verskyn:

Jou blokouderling of -diaken

Niekie Oosthuizen: 082 561 8747; 041 360 1484; kerkkantoor@ngkraggakamma.co.za

Ds MG van Rooyen: 041-3600665; 083 413 7100; mgvanrooyen@telkomsa.net

Ds Toit Wessels: 084 240 2916; toit.wessels@hotmail.com

PROGRAM VIR DIE WEEK:

HERVORMINGSFEES

10de Maand Dankoffer

Skriflesing: Matt 5:21-48

Tema: Ontdek.

09:00 Erediens

<https://youtu.be/RbQnLtpldD4> Skakel gerus op Youtube kanaal in as jy die lewendige uitsendings wil volg.

Die video sal gestoor word op Youtube, sodat jy ook op jou eie tyd daarna kan gaan kyk.

Die huisgeloof, 'n gesprek riglyn rondom die tema van die erediens, is op die gemeente se webwerf beskikbaar.

Die deurdankoffer gaan vir Gospel for Asia

GEEN Kleuterkerk of Kategese a.g.v. die Langnaweek

EREDIENSTE IN DIE KERKGEBOU

Die hou van eredienste is onderhewig aan al die Covid regulasies. Daar mag nou **250 persone** per erediens in die kerkgebou wees. Die diens word steeds digitaal beskikbaar gestel. Ons gaan, indien regulasies nie weer verander nie, hierdie jaar een erediens om 09:00 hou.

Indien jy 'n erediens wil bywoon, kan jy die volgende skakel gebruik om die aanlyn besprekingsvorm te voltooi.

<https://forms.gle/p7mpVSBnHeYdRYuZ8>. Ons versoek dat jy die vorm voor Vrydag 12:00 sal voltooi.

Jou bespreking verseker jou van 'n plek in die erediens.

Neem asb. kennis dat dit nie 'n vereiste is om plek te bespreek nie. Dit maak net die proses makliker, want ons moet 'n naamlys hê van almal wat by die erediens was.

SEL/KLEINGROEP REEKS VIR HIERDIE KWARTAAL

Ons gaan voort met die derde week week van die: **"7 weke as Sinsoekers"** reeks in ons eredienste en in sel- of kleingroepe. Oorweeg biddend om weer bymekaar te kom as 'n selgroep of nuut by 'n groep in te skakel. Die persoon om te kontak is Elizma Harmse by sel: 083 940 5617 of vir ds Toit.

Boekies is in die voorportaal en by die kerkkantoor beskikbaar. (Indien jy 'n bydrae wil maak, het die drukwerk van die boekie ons byna R30.00 gekos) 'n Afskrif van die boekie is op ons webwerf beskikbaar by

<http://www.ngkraggakamma.co.za/index.php?destination=kleingroepbediening>

Datum	Tema	Skriflesing
31 Oktober	Ontdek	Matt 5:21-48
7 November	Onderskei	Fil 1:3-11
14 November	Onderonsie	Hand 15:1-35
21 November	Omsluit	Ps 139
28 November	Ontwrig	Luk 10:1-20

Maandag 1 November

MUNISIPALE VERKIESING EN OPENBARE VAKANSIEDAG

Biduur by KKV uitgestel na volgende Maandag.
Getuies Diensterrein vergader volgende Dinsdag.

Dinsdag 2 November

Voedselhelp aan PE-Noord

Ons help weekliks ongeveer 30 gesinne met kospakkies en ander benodighede. Die nood raak steeds groter. Hul gee ook nou toebrødjies vir 40 kinders wat honger gaan slaap en skool toe gaan. Hulle vra vir donasies van smeergoed. Dankie vir elkeen se ondersteuning.

Behalwe vir die skenkings van kos en klere ontvang, is reeds meer as R267 547.52 gebruik om kos aan te koop.

Kontant donasies kan in ons kerk se bankrekening gemaak word. Merk dit asb. duidelik vir PE Noord.

Skenkings kan hierdie week op Dinsdag by Piet en Sonja Spies (Cassarylaan 82) afgelaai word. U kan meer inligting op ons webblad kry of vir Sonja Spies (084 516 4925) kontak.

10:00 en 11:00 Diens by Stella Londt

Woensdag 3 November

KERKKANTOOR

Die kerkkantoor sal elke Woensdag van 08:00 tot 12:00 oop wees. **Geen persoon sal sonder 'n masker toegelaat word nie.** Volg asb die regulasies.

Vrydag 5 November

05:00 MANNEGROEP

Indien jy wil deel word van die groep, kontak vir Frans vir meer besonderhede by sel: 082 773 6205.

16:00 tot 20:00 KERSMARK EN MINI-KERMIS

Kraggakamma Gemeente gaan op Vrydag 5 November 'n Kersmark en Mini-Kermis kombineer. Indien jy wil betrokke raak of graag wil help, kontak vir Frans Stapelberg (082 773 6205) of Niekie (082 561 8747) vir meer inligting.

Jy kan solank jou kos aanlyn bestel by

<https://thanditechsolutions.co.za/ocart2/index.php?route=common/home>

Sondag 7 November

09:00 NAGMAAL EREDIENS

Skriflesing: Fil 1:3-11

Tema: Onderskei

https://youtu.be/U_0UiWDhYp8 Skakel gerus op Youtube kanaal in as jy die lewendige uitsendings wil volg.

Die video sal gestoor word op Youtube, sodat jy ook op jou eie tyd daarna kan gaan kyk.

(Die deurdankoffer gaan vir There4-Bedieninge)

GEEN KATEGESE A.G.V DIE NAGMAAL

Sondag 14 November

18:00 There4-Bediening vier IDOP met byeenkoms by by ons kerkgebou.

Jy word uitgenooi na 'n tyd van aanbidding saam met ons. Ons gaan IDOP (Internasionale Dae van Gebed vir vervolgte Christene) vier! Dit sal 'n inpersoon bemoedigende ontmoeting wees. Ons sal die tyd van aanbidding en gebed aanbied. Ons sal ook terugvoer gee oor wat die Here besig is om te doen in die land waar ons tans woon, sowel as die buurlande waar ons dien. As gevolg van inligting en foto's wat ons gedurende hierdie geleentheid wil deel, sal ons nie die diens op sosiale media kan uitsaai nie. Bespreek jou

Sondag 14 November 2021
18:00-19:00 by Kraggakamma
Gemeente, Sunnidge Park.
Ons vier IDOP (Internasionale Dae van
Gebed vir Vervolgde Christene)

'n Gebeds- en aanbiddingstyd
saam met Gerrit en Janine
waar hulle terugvoer sal gee
oor wat God besig is om te
doen in die land waar hul
tans woon

sitplek deur 'n epos te stuur aan support@there4ministries.org Covid-regulasies sal toegepas word. Handgemaakte items wat deur die dames vir wie Janine bedien gemaak word, sal ook te koop aangebied word.

Fonteinvriende Braai

Fonteinvriende is die gemeente se groep van afgetrede persone. Ons gaan die jaar afsluit met 'n lekker braai op Donderdag 25 November 2021. Ons begin 11:00. Dit kos R50.00 per persoon wat wors, sosasie, boereworsrol en slaai insluit. Bring al jou eie eetgerei en drinkgoed saam asseblief. Persone wat nuut by fonteinvriende wil inskakel kan Zelda Bakkes kontak by sel 083 950 6096.

SAKE vir GEBED:

- Die munisipale verkiesing van 1 November. Ons bid dat dit vreedsaam, vry en regverdig sal afloop en dat die gemeenskap sal besef hoe belangrik hierdie verkiesing werklik is. Ons tree nou reeds in vir elke persoon wat aangewys gaan word in die verkiesing, dat die Here hulle sal seën en versterk vir die groot taak op hulle skouers.
- Ons dank die Here vir die reën wat reeds in ons omgewing geval het, maar bly laag op ons knieë as ons bid vir die kritieke stand van damme van ons stad en omgewing. Ons hulp kom van ons Here en ons pleit dat Hy in Sy almag sal ingryp en vir ons reën sal stuur. Bid ook ernstig vir al die ander droogtegeteisterde gebiede in ons omgewing en in ons land. Ons bid dat al die inwoners die erns van die saak sal besef en daadwerklik pogings sal aanwend om water te bespaar.
- Dossie Nortje, Felicity Murray en Peet Viljoen vir volkome herstel na hulle onderskeie operasies.
- Ons dank die Here dat Frans Marx se niggie se operasie 'n groot sukses was.
- Betsie du Toit en Winnie du Plessis, asook al ons bejaarde lidmate wat in aftreede woon en swaarkry in hierdie vreemde omstandighede.
- Kleinskool waar daar so baie mense sonder werk sit, maar ten spyte van hul haaglike finansiële toestand hul geloof en barmhartigheid onder mekaar uitleef.
- Vir die opleidingsgeleentheid wat Gerrit en Janine van There4 oor die volgende week moet afhandel, asook vir 'n veilige reis terug na Suid-Afrika.
- Die verkiesing van 'n nuwe hoofregter. Ons bid dat die Here die regte persoon sal aanwys.
- Die matrieks, asook graad 10's en 11's wat besig is met eksamen. Ons bid vir al die ander leerders en studente wat tans besig is met eksamen of daarvoor voorberei.
- Die gemeente werksaamhede van die laaste kwartaal.
- Die vlag inbrake in die omgewing en almal wat daardeur geraak word.

Sake uit die afgelope week se Sinodesitting

Bybelgenootskap

Hieronder verskyn die gemeente se jaarlikse bydraes vir die Bybelgenootskap. 'n Groot dankie aan almal wat getrou bygedra het.

Boekjaar Maart tot Februarie	Bydraes	Lidmate	Gemiddeld per lidmaat
2018 to 2019	R 83 629.00	1050	R79.65
2019 tot 2020	R 79 686.00	1057	R75.39
2020 tot 2021	R 70 679.00	1077	R65.63
Totaal	R 233 994.00	3184	R73.49

Die 2020 vertaling van die Bybel is van 22 Oktober tot 15 Desember vir slegs R99.00 beskikbaar by die Bybelhuis.

Teologiese opleiding

Teologiese opleiding is nie net meer vir voltydse leraars nie. As die Here vir jou roep, is daar die volgende opsies om ter oorweeg. Kontak met een van die dominees indien jy belangstel.

- **Bedienaars in bedieningsvaardighede** word in een van die volgende terreine toegerus: Prediking & lering; Jeug en familie; Berading; Gemeenskapswerk (Diakonaat); Geestelike begeleiding; Missionale leierskap. Dit is 'n 12 tot 18 maande aanlyn kursus by Hugenote Kollege en kos R3000,00 per persoon. Bedienaars kan na afloop van die kursus in gemeentes bevestig word om onder leiding van mentors selfstandig te kan bedien.
- **Diensleraars:** Kan vir 3 jaar byvoorbeeld by Stellenbosch BTh doen of deelyds BTh by Hugenote Kollege. Deurloop 'n bedieningsontwikkelingsprogram van die Seminarium in hulle gemeente olv 'n mentor

insluitende weeklikes aanlyn sessies en jaarlikse retreat. Hulle word na afloop van die kursus gelegitimeer en kan dan beroep word na gemeentes waar hulle olv mentor leraars diens lewer in hulle area van opleiding.

- Opleiding van **leraars** kan ook deelyds gedoen word.

There4-bedieninge se gebedsversoek vir die week:

Bid saam met die kerk in **Brunei** dat God hulle sal seën en gebruik in Sy koninkryk.

Bid saam met die pastore en kerkleiers vir wysheid soos wat hulle maniere identifiseer om hulle lede te bemoedig om getrou te bly aan Hom, en om sout en lig te wees in hulle area van invloed.

VERJAARSDAE

Ons wens die volgende lidmate geluk met hulle verjaarsdae:

31 Oktober	Lydia Grobler, Lynette Lotter, Marthinus Nienaber en Anke-Mari Roets
1 November	Stefan Gerber, Leah Hedderwick en Lucil Hiscock
2 November	Christiaan van Niekerk
3 November	Thabo Botha, Thelma Grobler en Andre van Rooyen
4 November	Joeline Barnard. Linzi Scholtz, Risto Strydom en Altus Vosloo
5 November	Andre Meyer, Cyril Niit, Marie Rootman en Magriet van Wyk
6 November	Christina du Preez en Rochelle Verster



TIENDEMAAND DANKOFFER

Oktobermaand is 10de maand dankoffermaand. In 2 Korintiërs vind ons die volgende verse oor Christelike vrygewigheid en hulpverlening. Lees dit, dink daaroor, raak in gebed voor die Here stil en as jy uit dankbaar wil, dien die Here met jou 10de maand dankoffer.

“Dit was meer as wat ons verwag het, want eers het hulle hulleself aan die Here gegee en toe aan ons. Dit is soos God dit wil.” (2 Kor 8:5)

“Elkeen moet gee soos hy hom in sy hart voorgeneem het, nie met teensin of uit dwang nie, want God het die blymoedige gewer lief. En God is by magte om aan julle alles in oorfloed te skenk, sodat julle in alle opsigte altyd van alles genoeg kan hê en volop kan bydra vir elke goeie werk.” (2 Kor 9:7-8)

Die begrote bedrag vir die tiendemaand dankoffer is R240 000. Dit is dieselfde bedrag as wat ons verlede jaar ingekry het. Ons dank die Here wat voorsien het deur elke lidmaat se dankbare bydrae!

POUSE PAKKIE

Teen R20.00 per pakkie kan jy ons onderwysers bederf met 'n Pouse-Pakkie. Ondersteun hierdie projek en wys op so 'n manier waardering vir ons onderwysers.

Kontak Niekie vir meer besonderhede of om betrokke te raak.



DANKOFFER

Baie dankie vir elkeen se dankbaarheidsbydrae wat ons maandeliks ontvang. Dankoffers kan direk in die kerk se bankrekening of deur middel van Snapscan betaal word.

Die kerk se bankbesonderhede is:

NG Kraggakamma

Absa Tjekrek 1400590091

Takkode 632005

